## Alle sondes word vergewe behalwe die teen die Heilige Gees

**Lees: Markus 3: 20 – 30** **Teks: Markus 3: 28 - 30**

Die verwerping van God is baie prominent in ons wêreld vandag. Mense wil nie meer aanvaar dat die Bybel die enigste waarheid is nie. Hulle wil nie aanvaar dat God die enigste God is nie. Om nog verder te gaan, wil mense wat God wel aanvaar, net van Hom glo wat hulle dink en nie wat die Bybel van Hom sê nie.

Hier in Markus waar Christus besig is om te preek in Galilea is dit ook so. In hoofstuk 3 lees ons hoedat Jesus mense gesond maak, hoe Hy sy dissipels uitkies selfs hoe Hy duiwels uit mense uitdryf. Alles in die eerste twee hoofstukke van hierdie Evangelie.

Dit veroorsaak 'n groot toeloop van mense wat Hom volg. Maar nie almal se motiewe is suiwer nie. Nie almal is daar omdat hulle verwonderd en bly is oor wat Hy doen nie. Sommiges is juis daar omdat hulle Hom wil uitvang. Hulle hou nie van wat Hy doen nie. Hulle aanvaar nie dat wat Hy doen van God af kom nie.

Nou kom hulle na Hom en kritiseer Hom. Daar waar Hy huis toe gaan, en wil gaan eet, word Hy nie geleentheid gegee om te eet nie. Sy eie familie verstaan nie eers wat besig is om te gebeur nie. Nou kom daar Skrifgeleerdes vanaf Jerusalem, en hulle beskuldig Hom dat Hy van Beëlsebul besete is. Dit beteken dat Hy met satan besete is.

Dit kan gesien word as ten sterkste teen die Here gekant. Dit is blatante teenstand teen God self. Dit is totale verwerping van God uit mense se lewens. Hulle wil God nie aanvaar en Hom nie erken nie, al bely hulle dat hulle in Hom glo.

Christus se antwoord wys hulle hoe verkeerd hulle is. Hy vra hulle hoe kan 'n koninkryk bestaan as hy teen homself baklei. Hoe kan die satan bestaan as hy teen homself in opstand kom en sy eie werkers laat uitdryf uit mense uit. Die eienaar van die huis gaan nie die diewe help om sy huis te beroof nie. Hulle sal hom moet vasbind sodat hulle sy huis kan beroof.

Wat Christus eintlik vir hulle uitwys is hoe verkeerd hulle redenasie is. Maar dit is presies wat Christus hier is om te doen. Hy het gekom om satan die aanvoerder van die duiwels deur Sy dood en opstanding vas te bind sodat Hy deur die prediking van die Evangelie die uitverkorenes na Hom toe kan laat kom en sodat die getal van die gelowiges vol kan word.

Vandag nog gaan hierdie hele saak voort. Christus het die satan gebind. Hy gebruik my en jou om die Evangelie uit te dra. Hy wil nie hê dat daar verdeeldheid moet wees nie. Hy wil hê dat daar eenheid en onderlinge liefde moet wees. Hy wil hê dat Sy Woord aanvaar word as die Waarheid en dat Hy as die ware God gedien word.

Wanneer mense egter Hom nie aanvaar nie, of die Woord interpreteer soos hulle wil en maak soos hulle wil, dan is dit 'n baie ernstige aanklag teen daardie mense. Hulle is besig om God te verwerp in hulle lewens. Hulle is besig om sonde teen die Heilge Gees te pleeg. Dit is wat gebeur wanneer God in jou lewe verwerp word.

Jy moet besef waarmee jy besig is wanneer jy jou eie kop volg in die lewe. Dan kom die skokkende woord van Christus dat die sonde teen die Heilige Gees of laster teen die Heilige Gees nie vergewe word nie.

Ons moet mooi verstaan wat dit vir ons sê. Beteken dit dan dat 'n satanis nooit van sy sondes vergewe kan word nie? Daar is tog sataniste wat tot bekering al gekom het. Dit handel oor die voortgesette verwerping van God in jou lewe. Hierdie Skrifgeleerdes en Fariseërs wou nie die prediking van Jesus aanvaar nie. Hulle was uiteindelik die oorsaak dat Hy as onskuldige gekruisig is. Hulle het die Huis van God verdeel. Daarom moes Christus 'n nuwe bedeling tot stand bring.

In die lewe vandag moet ons maar baie versigtig wees hoe ons maak met die Woord van God. God self moet op die regte manier gedien word soos Sy Woord ons leer. Ons moet bereid wees om gehoorsaam te wees en Hom te sien vir wie Hy is. Weet hoe ernstig die aanklag is as jy Hom verwerp, en lewe in dankbaarheid omdat jy weet Hy is getrou en regverdig en vergewe ons ons sondes.

**Ds. Neville Boy**
**5 Augustus 2018**